# GRONDWET VAN DIE BEHEERRAAD

## 1. NAAM:

Die naam van die Beheerraad is die *Beheerraad van die Laerskool Jan van Riebeeck* ("*die beheerraad*").

## 2. STATUS:

2.1 Die beheerraad bestuur en beheer die Laerskool Jan van Riebeeck ("die skool") en is 'n regspersoon met wetlike bevoegdheid in ooreenstemming met die bepalings van die Suid Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) ("die Wet") asook nasionale en provinsiale wetgewing.

2.2 Die voorsitter van die beheerraad tree in alle regshandelinge namens die beheerraad op nadat hy/sy daartoe gemagtig is deur die beheerraad en, in sy/haar afwesigheid, die ondervoorsitter of enige ander lid van die beheerraad, deur 'n besluit van die beheeraad daartoe gemagtig.

## 3. STRAATADRES EN POSADRES VAN DIE SKOOL:

Kloofstraat 52,
Kaapstad,
8001

## 4. LEUSE:

Die skool se leuse is: "Wees Uself".

## 5. DIE SKOOL SE MISSIE EN VISIE:

5.1 Dit is die skool en die beheerraad se doel om ons leerders se potensiaal as kinders te herken, te ontgin en te ontwikkel.

5.2 Ons fokus daarop om ons waardes van eerlikheid, omgee, verantwoordelikheid en respek te bevorder.

5.3 Ons wil leerders deur kwaliteitsonderrig in 'n vriendelike en veilige omgewing lei op hul pad van ontwikkeling tot afgeronde, verantwoordelike en selfstandige kinders.

5.4 Moedertaalonderrig in Afrikaans ondersteun ons strewe om ons kinders geestesweerbaar te maak en om hulle vaardighede en talente te ontwikkel sodat hulle die buitewêreld met selfvertroue en empatie kan ingaan.

5.5 Met bogenoemde wil ons dat die skool en ouers saamwerk sodat elke kind:

5.5.1 hulself kan wees;

5.5.2 die beste ondersteuning ter voorbereiding vir die grootmenslewe;

5.5.3 die geleentheid kry vir die verwesenliking van hul vermoëns en talente op al die terreine waarop die skool fokus;

5.5.4 verseker is van sekuriteit en geborgenheid in die skoolgemeenskap; en

5.5.5 die beginsels van wedersydse respek en meegevoel leer sodat hulle na mekaar se belange omsien in 'n gees van samewerking en ondersteuning.

## 6. BEDIENINGSGEBIED:

Die skool bedien die hele gemeenskap van die munisipale gebied van Stad Kaapstad en omliggende gebiede.

## 7. DOELSTELLINGS VAN DIE BEHEERRAAD:

Die doelstellings van die beheerraad is:

7.1 Die beheer en bestuur van die skool op kundige, verantwoordelike en koste effektiewe wyse;

7.2 Die bevordering van gehalte onderrig, opvoeding, opleiding, kultuur en sport;

7.3 Die bevordering van leer en onderrig in 'n veilige en rustige omgewing;

7.4 Om aan die leerders se opvoedkundige behoeftes te voorsien;

7.5 Om godsdiensbeoefening by die skool op 'n billike wyse te laat geskied. Dit sluit in vrywillige bywoning van enige godsdienstige aktiwiteite, diskresie sal toegepas word om seker te maak

geen geloof word te na gekom nie en dat leerders blootgestel word aan verskillende godsdienstige perspektiewe.

7.6 Die beheer en bestuur van alle fondse en bates van die skool; en

7.7 Die handhawing van orde en dissipline by die skool.

## 8. LIDMAATSKAP:

8.1 Die beheerraad van die skool word saamgestel ooreenkomstig die bepalings van die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente.

8.2 Die verkiesing van die lede van die beheerraad geskied ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

8.3 Die ampstermyn van lede van die beheerraad is soos voorgeskryf in die Wet.

8.4 Die beheerraad is geregtig om lede te koöpteer.

## 9. AMPSDRAERS VAN DIE BEHEERRAAD:

9.1 By die eerste vergadering van die beheerraad kies die aanwesige lede die volgende ampsdraers:

9.1.1 die voorsitter;
9.1.2 die ondervoorsitter;
9.1.3 die tesourier;
9.1.4 die sekretaris; en
9.1.5 enige ander ampsdraer wat die beheerraad nodig ag om aangewys te word.

9.2 Die voorsitter van die beheerraad tree as die voorsitter van alle vergaderings van die beheerraad op.

9.3 Indien die voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy of haar werksaamhede as voorsitter na te kom nie, dan moet die ondervoorsitter as voorsitter waarneem.

## 10. REGTE, BEVOEGDHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN BEHEERRAAD:

10.1 Die beheerraad verrig daardie werksaamhede wat binne sy bevoegdheid val en wat nodig is vir die welsyn van die skool in oorleg met die Wet.

10.2 Waar nodig, word sepsifieke regte, werksaamhede of verantwoordelikhede namens die beheerraad uitgeoefen of verrig deur die voorsitter of sodanige ander lidof lede van die beheerraad daartoe gemagtig.

## 11. AANSPREEKLIHEID VAN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD:

‘n Lid van die beheerraad is nie aanspreeklik vir enige skuld, skade of verlies van die skool nie, tensy hy of sy sonder magtiging, opsetlik, kwaadwilliglik of nalatig opgetree het en daarom daarvoor verantwoordelik gehou kan word.

## 12. VERGADERINGS:

12.1 Die beheerraad vergader so dikwels soos wat dit wenslik is, maar moet minstens een keer elke skoolkwartaal vergader.

12.2 Die beheerraad moet minstens een keer per jaar met leerders, ouers, opvoeders en ander personeel van die skool, onderskeidelik, vergader.

12.3 Die beheerraad moet minstens een keer per jaar oor sy aktiwiteite aan ouers, leerders, opvoeders en ander personeel van die skool verslag lewer en ‘n finansiële jaarverslag aan ouers sirkuleer.

12.4 Alle besluite sal sover moontlik by konsensus geneem word.

12.5 ‘n Buitengewone vergadering word deur die voorsitter belê wanneer hy of sy dit nodig ag of wanneer minstens vier lede (die beheerraad stel getal lede vas) ‘n skriftelike versoek met opgawe van redes vir sodanige vergadering voorlê.

12.6 Indien dit na oordeel van die voorsitter blyk dat konsensus rakende ‘n spesifieke besprekingspunt nie bereik kan word nie, sal daar by wyse van hande opsteek gestem word. Elke lid van die beheerraad het een stem. By die staking van stemme het die voorsitter, benewens sy of haar beraadslaggende stem, ‘n beslissende stem.

12.7 ‘n Lid van die beheerraad moet van ‘n vergadering onttrek vir die duur van die bespreking van en die besluitneming oor enige aangeleentheid waarby die lid ‘n persoonlike belang het.

12.8 By ‘n staking van stemme sal die voorsitter, benewens ‘n gewone stem, ook ‘n beslissende stem hê.

12.9 Behalwe vir die wysiging van hierdie Grondwet, word alle besluite van die beheerraad by gewone meerderheid geneem.

12.10 Gewone vergaderings vind plaas na skriftelike (e-pos) kennisgewing van minstens sewe (7) dae daarvan voor die datum van die vergadering. Die kennisgewing van die vergadering moet die volgende insluit:

12.10.1 ‘n sakelys;

12.10.2 die notule van die vorige vergadering; en

12.10.3 alle ander inligting wat redeliker wys nodig is om lede van die beheerraad in staat te stel om vir die vergadering voor te berei.

12.11 Die beheerraad behandel die sake waarvoor daar vooraf kennis gegee is, asook die sake wat die voorsitter of enige ander lid met die goedkeuring van die vergadering mag voorlê, tydens die vergadering.

12.12 Enige persoon kan op uitnodiging van die beheerraad ‘n vergadering van die beheerraad bywoon en aan die bespreking deelneem, maar het nie stemreg nie.

12.13 Die beheerraad kan ook eis dat enige betrokke personeellid van die skool ‘n vergadering bywoon vir doeleindes soos deur die beheerraad bepaal.

12.14 Die notule van die verrigtinge van die beheerraadvergadering moet by die eersvolgende vergadering goedgekeur word en moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir insae deur lede van die beheerraad en die Hoof van die Onderwysdepartement.

12.15 Die meerderheid van die getal lede van die beheerraad maak ‘n kworum vir enige vergadering van die beheerraad.

12.16 By die ontbinding van die beheerraad of die verstryking van sy ampstermyn moet alle notules van die beheerraad of komitees daarvan aan die Skoolhoof van die skool oorhandig word.

## 13. KOMITEES:

13.1 Die beheerraad kan ooreenkomstig die Wet een of meer komitees aanstel om hom te adviseer en werksaamhede te verrig soos deur die beheerraad bepaal.

13.2 Die komitees doen so dikwels as wat die beheerraad dit vereis, verslag aan die beheerraad en lê alle besluite van die komitees aan die beheerraad vir goedkeuring voor.

13.3 Die beheerraad kan enige besluit van ‘n komitee in paragraaf 13.1 beoog, wysig of tersyde stel.

13.4 Slegs ‘n lid van die beheerraad mag voorsitter van ‘n komitee wees.

**14. BANKREKENING:**

14.1 Die beheerraad moet ‘n bankrekening open en in stand hou.

14.2 Alle geld wat deur die skool ontvang word, met in begrip van skoolgeld en vrywillige bydraes, in die skoolfonds gestort word.

14.3 Bankdeposito’s en alle ander geldelike transaksies geskied in die naam van die skool.

**15. AFSLUITING VAN BOEKJAAR:**

Die boekjaar begin op die eerste dag van Januarie en eindig op die laaste dag van Desember. Die rekords en state van die skool moet daarna geoudit word ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

**16. INDIENING VAN FINANSIËLE STATE**

Die beheerraad moet binne ses (6) maande na die einde van elke boekjaar ‘n afskrif van die jaarlikse geouditeerde finansiële state aan die departementshoof (WKOD) voorlê.

**17. WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

17.1 ‘n Besluit ter wysiging van hierdie Grondwet vereis ‘n twee-derde meerderheid van die totale ledetal van die beheerraad nadat alle lede minstens een (1) maand vooraf van die beoogde wysigings in kennis gestel is.

17.2 Indien daar nie genoeg lede by die vergadering wat hiervoor belê sou word, teenwoordig is nie, moet ‘n tweede vergadering minstens twee (2) weke na die eerste vergadering uitsluitlik vir die doel byeen geroep word. Indien twee-derdes van die lede nie by die tweede vergadering teenwoordig is nie, kan die wysiging deur twee-derdes van die aanwesige lede aangebring word, waarna dit aan die betrokke provinsiale Onderwysdepartment vir goedkeurig voorgelê moet word.

Goedgekeur deur die Beheerraad op ____________ 2024 en deur die Voorsitter onderteken.

_________________

**Merwe Scholtz**

**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

**BEHEERRAADSLEDE: Handtekeninge**

| | |
|---|---|
| Hugo van den Heever (ondervoorsitter) | |
| Susan van der Walt (tesourier) | |
| Stephen Hitchcock | |
| Marié Cruywagen | |
| Naas Beets (skoolhoof) | |
| Andri de Villiers | |
| Hannes Muller | |
| Marinda Brink (sekretaresse) | |